



**SAOU MEDIAVERKLARING**  
**15 JANUARIE 2018**  
**EMBARGO: ONMIDDELLIK**

**HOËRSKOOLOVERVAAL: DEEGLIKE ONDERWYSBEPLANNING EN DIE BOU VAN SKOLE MOET DIE FOKUS WEES**

Die SAOU verwelkom regter Prinsloo se uitspraak dat die opdrag aan die skool om 55 Engelse leerders te aanvaar, opsy gestel moet word. Die realiteit is dat 'n skool 'n kritiese punt bereik waar dit as vol beskou moet word. Weet die LUR werklik wat 'n vol skool beteken; of, wat dit beteken om 'n ander taalgroep te moet akkommodeer en wat die implikasies is in terme van ruimte, tyd en onderrig?

“Of het hy dalk 'n agenda wat werklik niks te make het met die lewering van gehalte-onderwys nie en lees hy die Grondwet selektief om sy eie ideologie te pas? Dit lyk beslis so en is dit tyd om sy retoriek te ontbloot vir wat dit werklik is,” het Chris Klopper, uitvoerende hoof van die SAOU, gesê.

Klopper het verder gesê

- 'n Skool kan nie net leerders verby 'n kritiese punt aanvaar nie.
- 'n Dubbelmedium skool, en die vermoë om leerders te akkommodeer wat 'n ander taal van leer en onderrig vereis, is veel meer kompleks as om bloot net op die aantal klaskamers te fokus.
- Dit is tyd vir die LUR om te erken dat die huidige situasie 'n simptome is van die feit dat die GDO sy verpligtinge teenoor die publiek versak deur nie meer skole te bou nie. Die vraag moet gevra word, hoekom daar, na 24 jaar, so min nuwe skole in Gauteng gebou is? Die kwessie van massa verstedeliking is niks nuuts nie.
- Daar moet erken word dat die huidige sake die geaffekteerde leerders benadeel het. Die SAOU vertrou dat pragmatisme die hoeksteen van beplanning sal wees om te verseker dat leerders se onderwysregte honoreer sal word by wyse van korrekte en opvoedkundig verantwoordbare plasing.
- Die LUR moet ophou om leerders as politieke pionne te misbruik. Om altyd die onderwys te verpolitiseer, ideologiese uitsprake te maak en / of litigasie te misbruik, dien werklik nie onderwys en leerders nie.

Die Unie is oortuig dat die LUR vir Gauteng eerlik moet antwoord, sonder 'dubbelpraterij', op die vraag waarom die nodige beplanning vir die lewering van gehalte-onderwys en skoolbouprogramme nie gedurende sy ampstermyn gerealiseer het nie.

**EINDE**

Navrae: Ted Townsend (012 436 0900 /076-401-0342)